higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIEREPRODUKSIE
NKR VLAK 3

18 Februarie 2025

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	C
	1.1.2	A
	1.1.3	A
	1.1.4	D
	1.1.5	B
	1.1.6	A
	1.1.7	B
	1.1.8	A
	1.1.9	D
	1.1.10	A

(10 × 1) (10)

1.2	1.2.1	Waar
	1.2.2	Waar
	1.2.3	Onwaar
	1.2.4	Waar
	1.2.5	Onwaar
	1.2.6	Waar
	1.2.7	Waar
	1.2.8	Waar
	1.2.9	Waar
	1.2.10	Onwaar

(10 × 1) (10)

1.3	1.3.1	A
	1.3.2	D
	1.3.3	F
	1.3.4	C
	1.3.5	I
	1.3.6	J
	1.3.7	B
	1.3.8	G
	1.3.9	E
	1.3.10	H

(10 × 1) (10)
[30]

VRAAG 2

2.1
- Ultra-filtrering vind in Bowman se kapsule plaas.
- Bloed word deur 'n afferente arteriool, wat 'n vertakking van die nierslagaar is, na elke glomerulus vervoer. Die wande van die glomerulêre haarvate bevat baie klein gaatjies of porieë.
- Die porieë is groot genoeg om klein deeltjies wat in die bloed voorkom, soos ione, glukose, en aminosure, deur te laat.
- Die porieë is te klein om groter deeltjies soos proteïene deur te laat.
- Die glomeruli dien as 'n filter en 'n vloeistof wat die glomerulêre filtraat genoem word, versamel in elke Bowman se kapsule.
- Die glomerulêre filtraat bevat al die stowwe uit die bloed, behalwe die groot plasmaproteïene en bloedselle.
- Die glomerulêre filtraat bevat afvalprodukte en nuttige stowwe soos glukose, aminosure en water.
- Die filtrasieproses word moontlik gemaak omdat die filtraat onder druk deur die glomerulêre wande gedwing word.
- Die druk word veroorsaak deur die wisselende deursnee van bloedvate.
- Die knelputneffek lei tot hoë bloeddruk in die glomerulêre haarvate.
- Die hoë druk forseer die kleiner deeltjies van die bloed in die kapsulêre ruimte in. (11)

2.2
- Dit help voëls om tydens vlug te stuur
- en te rem.
- Dit beskerm voëls ook teen ongunstige weerstoestande.

(Enige 2 × 1) (2)

2.3
- Verwyder afvalprodukte uit die bloed
- Produksie van urien (2 × 1) (2)

2.4
- Wol en sybokhaar – maak klere en matte.
- Velle – produseer leer.
- Hare – word as hare vir borsels gebruik.
- Vere – vul kussings, duvets, slaapsakke en baadjies.
- Produseer verestoffers en modeklere. (5)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Dravermoë verwys na die aantal diere wat op 'n bepaalde stuk grond✓ kan wei sonder om al die plantegroei te vernietig.✓ (2)

3.2
- Die liggaam is groot
- Hoë vrugbaarheid
- Baie gehard
- Lang teelseisoen
- Kan te enige tyd van die jaar vet lam van goeie gehalte produseer
- Uitstekende moederlike eienskappe
- Uitstekende gehalte van karkasse
- Verdra insekte en warmte

(Enige 6 × 1) (6)

3.3
- Die aantal skape op die plaas.
- Die grootte van die plaas.
- Die aantal arbeiders wat die skape kan hanteer.

(Enige 2 × 1) (2)

3.4
- Die bene moet sterk, reguit, ver uitmekaar en in verhouding tot die liggaam wees.
- Die gewrigte moet sterk wees.
- Die hoewe moet sterk en amberkleurig wees.
- Die hare aan die onderste dele van die bene moet kort en roomkleurig wees. (4)

3.5
- Die inherente dravermoë van die veld.
- Indien die weidingskapasiteit hoog is, kan baie diere daar wei.
- Die tipe veld en die toestande daarvan.
- Hoe beter die toestand van die veld, hoe meer diere kan daarop wei.
- Die tyd van die jaar.
- In die vroeë somer wanneer weiding beperk is, moet die aantal diere ook beperk word. (6)

3.6
- Behandeling
- Vervoer
- Teling
- Kastrasie
- Knip van sterte
- Knip van hoewe
- Skeer van wol (Enige 5 × 1) (5)

[25]

VRAAG 4

4.1
- Blouvlieg
- Neuswurm
- Luise
- Bosluise
- Myte (5)

4.2
- As gevolg van die rusperiode groei gras hoër✓ en is meer voedsaam.✓
- Verminder risiko van siektes.✓
- Verbeter biodiversiteit.✓
- Verminder omgewingsimpak.✓
- Maksimum produksie van weiding.✓
- Bevorder saadvorming✓ en die vestiging van jong plante.✓
- Verbeter die ontwikkeling✓ van wortels en die herstel van plante na weiding.✓ (10)

4.3
- Inneem van geïnfekteerde lug.✓
- Inaseming van geïnfekteerde lug.✓
- Oop wonde wat aan geïnfekteerde lug✓ of geïnfekteerde oppervlakke blootgestel is.✓
- Indringing van geïnfekteerde materiaal in die oë, geslagskanaal✓ of ander liggaamsopening.✓ (6)

4.4
- Kepe in die ore
- Metaal merkers aan die ore
- Plastiek merkers aan die ore
- Tatoeëring
- Brandmerk (Enige 4 × 1) (4)

[25]

AFDELING C

VRAAG 5

5.1 'n Jong sog is 'n vroulike vark wat nog nie geteel het nie.✓✓ (2)

5.2
- Goeie omgewingsbeheer
- Behoorlike ventilasie om genoeg vars lug te verseker
- Minimum arbeidsvereistes
- Dit moet warm en droog wees en die lug moet nie trek nie
- Die vloer moet grof en nie glibberig wees nie
- Maklike beskikbaarheid van voedsel en water
- Duursame materiale moet gebruik word (Enige 5 × 1) (5)

5.3
- Die doeltreffendheid van voeromskakeling
- Groeitempo
- Gehalte van die karkas
- Vrugbaarheid
- Versorgingsvermoë
- Temperament
- Grootte
- Weivermoë
- Die smaak van die vleis (Enige 5 × 1) (5)

5.4
- Die agterkwart moet goed gevul wees✓ – breed met goeie diepte tot by die enkels.✓
- Die lende moet breed✓ wees en gladweg met die rug saamsmelt.✓
- Die boonste lyn moet reguit✓ en parallel aan die onderste lyn wees.✓
- Die skouers en nek moet effens gevlees wees.✓ (7)

5.5
- Vernuwing
- Inteling
- Lynteelt
- Kruisteling (4)

5.6 Die krat word gebruik om 'n sog tydens,✓ en vir 'n paar dae na die geboorte van die kleintjies, in te perk.✓
(1 × 2) (2)
[25]

VRAAG 6

6.1
- Onder spanningstoestande wat deur trekke veroorsaak word,✓ kan die bakterieë wat kolibasillose veroorsaak, baie vinning vermenigvuldig.✓
- Hokke wat koud, nat en swak geventileer✓ is bevorder kolibasillose.✓
- Klam, vogtige toestande✓ bevorder ekseem by varke.✓
- 'n Vogtige, skaduryke omgewing✓ bevorder leptospirose.✓
- Spanning as gevolg van trekke✓ bevorder vleksiekte.✓ (5 × 2) (10)

6.2
- Dit moet so gebou word dat dit in die somer koel is.✓
- Die vloer moet nie te glad wees nie✓ aangesien bere hulself kan beseer sou hulle gly en val.✓
- Dit moet so geplaas word dat sôe maklik✓ tydens die teelseisoen bereik kan word.✓
- Die bere moet binne sig-, hoor- en ruikafstand van die sôe wees.✓
- Die reuk, sig en klank van bere help om sôe vroeër bronstig te maak.✓
- Beerhokke moet sewe✓ tot agt vierkante meter✓ beslaan sodat diere oefening kan kry.✓ (10)

Kopiereg voorbehou

6.3
- Kolibasillose
- Vleksiekte
- Ekseem
- Leptospirose
- Parvovirus
- Anemie
- Afrikavarkkoors

(Enige 5 × 1) (5)
[25]

TOTAAL AFDELING C: 50
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou